

# Laat sy Liefde jou Lei: Hy het jou lief – ook wanneer jy nie het nie!

Laat sy Liefde jou Lei: Hy het jou lief – ook wanneer jy nie het nie! – Milanie Vosloo

**Hy het lief – ook wanneer jy nie het nie!**

*Deur die krag van sy Goddelike heerlikheid sal Hy julle toerus met al die krag wat julle nodig het om in alle omstandighede geduldig te volhard. Kolossense 1:11*

Daar's tye wanneer ons sukkel om lief te hê. Dis die dae wanneer ons eintlik sommer net vir die wêreld en God wil gaan wegkruip. In sulke liefde-arm-tye is dit maklik om te wonder of ons Here ons nog lief het. Hoe op aarde kan Hy ons tog bly liefhê as ons nie eens lus is om tyd vir Hom te maak nie, wonder ons.

Een van die wonders van ons Vader, is dat sy liefde nie afhanklik is van die diepte van ons liefde vir Hom nie. Hy is nie wispelturig, uitsoekerig en veranderlik in sy liefde nie. Nog minder laat Hy Hom beïnvloed deur ons afsydigheid! Veel eerder vou sy genade met ekstra deernis om ons wanneer ons soms ons rug op Hom draai.

Weet vandag: Jesus se hart klop elke dag vuurwarm vir jou. Daar waar jy met jou gewone dagtaak aangaan en nie eens aan Hom dink nie, waak Hy onverpoos oor jou. Wanneer jy Hom ignoreer of vir Hom wegkruip, is Hy steeds by jou. Ja, in jou donker is sy liefde soos 'n spreilig steeds bo-oor jou!

**Jou Vader se liefde vir jou is soos sy hele wese:  
Onveranderlik en ewig. Hou in die dae, wanneer jy sukkel met  
die lewe, baie styf vas aan dié wete.**

*Dankie dat u liefde soveel groter is as my klein bietjie  
liefde, Here.*

**Skrywer: [Milanie Vosloo](#)**